**Vrydag 14 September**

| Skrifgedeelte: Rigters 9:1-21 | Fokusgedeelte: Rigters 9:7 |
|---|---|

# Luister na God, dan sal Hy luister ...

Nie Gideon of sy nageslag nie, maar die Here regeer oor Israel (8:23). Abimelek was arrogant, selfsugtig, selfgerig en opstandig teenoor God. Hy is nie, soos die rigters, deur God verkies nie. Hy het homself as koning laat aanstel nadat hy die inwoners van Sigem daartoe gemanipuleer het. Met geld uit die Baältempel het hy sy 69 broers op een klip doodgemaak. Koelbloedig pleeg hy moord om enige aanspraakmakers uit die weg te ruim.

Jotam, die jongste broer, het egter ontsnap. Die inwoners van Sigem en Abimelek word oor hulle gruweldaad gewaarsku. In die fabel van drie bome en die nuttelose doringbos word God se oordeel oor hulle gruweldaad uitgespreek. As die Israeliete verwag om deur die nuttelose Abimelek beskerm te word, sal vuur uit die doringbos hulle vernietig.

Jotam roep hulle op om na hóm te luister, dan sal God na húlle roepstem om hulp luister. As priesters moes hulle hulself opoffer deur God te ken en volgens sy verbonds-bepalings te lewe. God se heerskappy oor hulle is egter deur ongehoorsaamheid verbreek toe hulle die verkeerde persoon as leier verkies.

God rig ons deur Christus. Christus is die ware koning. Toe die duiwel Hom 'n valse ko-ningskap aangebied het, het Hy geweier. As ware koning het Hy Homself verloën en leer Hy ons om gehoorsaam na sy stem te luister (Joh. 10), onsself te verloën, ons kruis op te neem en Hom te volg.

Getuig teen en tree op teenoor alles wat verkeerd is. Dan sal die Here op die regte tyd luister en help.

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*